Augustus 2008

Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Ek het onlangs ‘n seldsame foto in die argiewe “ontdek” [Tab 1016]. Selfs Mervin Emms wat intensief navorsing oor die poskantoor gedoen het was nie bewus van die bestaan van hierdie foto nie. Ek wens net dat ek toegang tot die oorspronklike foto kan kry, dan sal soveel meer detail gesien kan word. Die foto hieronder is ‘n afdruk van die kopie wat in die leeskamer van die argiewe beskikbaar is.

Hierdie foto is geneem voor 1882. Die straat wat ons sien is Kerkstraat-Wes. As mens vandag op dieselfde plek ‘n foto neem sal Café Riche links op die hoek wees en die Poskantoor regs.



Ek begin by die linkerkant van die foto. Hier is wat Herman Rex oor die erf geskryf het:

<u>Erf Nr. 351 [tans Nr. 365</u>]

Erf nommer 351 op die suidwestelike hoek van Kerkstraat en Kerkplein het vir ‘n geruime tyd in die besit van President M.W. Pretorius gebly. In 1865 het hy die suidelike helfte van die erf laat transporteer op die name van I.M. en M.J. Prinsloo. Teen die einde van die 1860s het Pretorius vir hom ‘n huis in Pretoria laat bou en volgens die beskikbare gegewens is die huis blykbaar op die noordelike gedeelte van Erf Nr. 351 gebou. Dit is nie seker hoe lank Pretorius die huis bewoon het, en of hy dit oorweeg het om hom weer permanent in Pretoria te vestig nie. [Daar is ook ‘n ander huis vir die president gebou waar die Paleis van Justisie vandag is. Die huis het later die pastorie geword.] Met die wending in staatsake en sy gevolglike bedanking as President het Pretorius in 1873 die noordelike gedeelte van die erf, tesame met die huis, aan William Skinner verkoop vir ‘n bedrag van £675 [REX-03 p256].

Op die gewel van die gebou staan APOTHEEK. Aan wie die Apteek behoort het is nie bekend nie. In 1873 adverteer Dr. Barbour dat hy die eerste apteek in Pretoria gaan open in De Oude Klub-gebou op Kerkplein [dit is die gebou oorkant die straat]. Nog ‘n apteker, P.A. de Gier, het in 1877-1878 sy apteek vanaf verskeie persele op

Kerkplein bedryf. In De Volksstem van 22 Januarie 1876 is daar 'n interessante advertensie, nl. 'n Binocular Microscope deur Baker van Londen is te koop by Burgers se apteek. Ek wonder of dit 'n mikroskoop of 'n verkyer was.

In Augustus 1881 sluit die horlosiemaker Godfried Lohner 'n kontrak met William Skinner, die eienaar van die gebou op die hoek, om twee kamers van die gebou te huur vir 'n tydperk van 10 jaar. So word die Apteek toe 'n "Watchmaker & Jeweller". In my versameling is 'n foto van die gebou met die nuwe benaming op die gewel.

<u>Kerkstraat</u>
Kyk na die voor waaroor Kerkstraat loop. Ek wonder wat die doel daarvan was.

In die middel van die blok aan die suidekant was later die wa-makersbesigheid van Petrie & Co. Hulle was op hierdie perseel tot ná 1893 [Dun-01 p26]. Of hulle voor 1882 al hier besigheid gedoen het is nie bekend nie, maar dit lyk asof hier voor 1882 alreeds 'n wa-makery was.

In 1998 was die plekbesprekingskantoor van George Heys & Co. oorkant die straat [Dun-01 p162]. Dit is ongelukkig onmoontlik om te lees wat op hierdie foto op die advertensiebord staan.

<u>Erf Nr. 321 [tans Nr. 322</u>]
Die gebou op hierdie erf het in 1874 bekend gestaan as die Austin-gebou of De Oude Klub-gebou.

Vanaf 1874 was die gebou op die noordwestelike hoek van Kerkstraat en Kerkplein die kantoor van William Skinner, die Landdros van Pretoria, en het dit ook die Poskantoor gehuisves. In De Volksstem van 3 Oktober 1874 word gemeld dat die poskantoor geskuif het na 'n lokaal wat eers die Pretoria Klub was, langs die winkel van P.J. Marais. Dit is die eerste foto wat ek nog ooit van hierdie gebou gesien het.

Voor die gebou staan een van die donkies wat seker as posdonkie gebruik was, en dan sien ons ook die stellasie waaraan 'n posklok hang. Dit was die gebruik om die klok te lui as die pos aangekom het. De Volksstem van 17 Oktober 1874 noem dat die nuwe vlagpaal by die poskantoor opgerig is wat gekleurde seine wys om die aankoms van die pos van verskillende dorpe af aan te dui. Reg onder die vlag is 'n wit kol. Dit mag een van die seine wees of dit mag net 'n merk op die foto wees.

Agter die gebou was die kommissariaatplein [ook genoem die Arsenal Yard] waar die Staatsartillerie bymekaargkom het. Dit lyk amper asof ek een van die kanonne daar kan sien staan.

<u>Geskiedenis van hierdie erf volgens Herman Rex</u>:
Die erf op die noordwestelike hoek van Kerkstraat en Kerkplein was vermoedelik tydens of kort na die aanleg van Pretoria deur die eienaar, M.W. Pretorius, geskenk aan Jan Francois Schutte sr. Die transport van die erf is egter eers op 19 November 1857 deur Pretorius aan Schutte verleen. Daar bestaan nie sekerheid of Schutte se eerste huis op hierdie hoek-erf gestaan het nie. Preller beweer dat Phillip Bronkhorst voor 1857 daar sou gewoon het, en dat sy plek deur Willie Austin oorgeneem is. Dit mag wees dat Phillip Bronkhorst op daardie terrein in 'n tydelike hartbeeshuis gewoon het, maar as Preller direk daarna Bronkhorst foutiewelik verhef tot die eerste Landdros van Pretoria, en Henry Austin as 'n Portugees verklaar, met die naam Willie Austin, word daar onmiddelik twyfel verwek oor sy stelling dat Bronkhorst op die hoek-erf sou gewoon het [Rex-03 p241].

Op dieselfde dag toe transport aan Schutte verleen is, het hy die erf verkoop en laat oordra op die naam van die firma “Evans & Churchill”, in wie se besit die erf gebly het tot in Augustus 1873, toe transport daarvan verleen is deur J.R. Lys q.q. Alfred Winter Evans, “als een der venote van de ontbinde firma van Evans & Churchill”, aan die eksekuteur van wyle Henry Austin. Op dieselfde dag is die erf teen £700 verkoop en oorgedra op die naam van die Weesheer in sy hoedanigheid as administrateur van die boedel van wyle H. Austin, wie dit vervolgens verkoop het aan die staatsekretaris N.J.R. Swart vir die bedrag van £1675. Op 14 Mei 1874 het die erf ten slotte in die besit gekom van die goewerment, en nadat noodsaaklike herstellings aan die winkelgebou aangebring is, is die landdroskantoor teen die einde van 1874 vanuit die skoolgebou daarheen oorgeplaas, waar dit gebly het tot die einde van 1886. In die loop van 1887 is op dieselfde terrein ‘n groot nuwe gebou opgerig, ontwerp deur J.W. Leslie Simmonds, en vir ‘n geruime tyd daarná is die poskantoor en die landdroskantoor daar gehuisves [Rex-03 p242].

In Junie 1870 het die Austin-winkelgebou, die sogenaamde “Oude Klub-gebou” geleë op Erf No. 321 [tans No. 322], in die mark gekom. Op die hoekperseel was ‘n ruim winkel en ‘n gerieflike en goedingerigte woonhuis met buitegeboue, terwyl die hele erf ommuur was. Terwyl die Staatspresident uit Pretoria afwesig was, het die staatsekretaris N.J.R. Swart, op versoek van die Thesourier-generaal, Erf No. 321 en die geboue daarop tydens die verkoping vir die regering ingehou. Aan die begin van 1874 het die Staatsekretaris hierdie erf teen ‘n bedrag van £870 aan die regering te koop aangebied [Rex-03 p197]. [Ek weet nie of iemand iewers ‘n groot wins gemaak het nie maar die bedrae geld wat genoem word is ietwat verwarrend.]

Op grond van ‘n rapport van landdros Skinner het die regering besluit om die Austin-gebou aan te koop met die oog op die voorsiening van regeringskantore. Landdros Skinner het in sy rapport alternatiewe aanbevelings ten opsigte van die gebou gedoen. Die ou dak kon afgehaal en ‘n nuwe sinkdak opgesit word, tesame met die aanbring van ‘n brandsolder, of ‘n nuwe grasdak kon opgesit en algemene herstellings aangebring word, of die mure kon twee voet hoër gemaak, brandsolders aangebring en ‘n nuwe grasdak opgesit word. Ook aan die buitegeboue behoort verbeterings aangebring te word. Die Uitvoerende Raad het besluit om die mure van die gebou te laat verhoog en dit onder ‘n sinkdak en brandsolder te laat plaas, en om verder die nodige herstellings en veranderings te laat maak. Voorts is ‘n Boukommissie, bestaande uit die Staatsprokureur en die Staatsekretaris, deur die Uitvoerende Raad aangestel om met die uitvoering van die werk belas te wees [Rex-03 p197].

<u>Poskantoor</u>

Die poskantoor is in die eerste vyftig jaar van Pretoria se bestaan in verskeie geboue gehuisves. Mervyn Emms gee die volgende opsomming daarvan [Pr-74 p36]:

1. 1844 - ca. 1855 Huis van Andries van der Walt naby die huidige stasie

2. Ca. 1855 Huis van Phillip Bronkhorst op die perseel van die huidige poskantoor

3. 1857-1862 Landdroskantoor in die huis wat vir M.W. Pretorius gebou is

4. 1862 Skoolgebou wat in 1859 opgerig is

5. Ca. 1863 Gebou op die perseel van die Raadsaal wat in 1859/60 opgerig is

6. 1866 Moontlik in ‘n vleuel van die eerste Raadsaal

7. 1870 Skuif weer terug na die ou skoolgebou wat in 1859 opgerig is

8. 1872 Gebou van Van den Hove wat later die South African Hotel word

9. 1874 Austin-gebou op die perseel van die huidige poskantoor

10. 1886-1887 Tydelike gebou van die ou tronk agter die eerste Raadsaal

11. 1887-1909 Nuwe enkelverdieping poskantoor gebou op die perseel van die huidige poskantoor

12. Tydelik in die ou Muntgebou met ‘n ingang in Kirkness Yard

13. 1910 Huidige gebou wat vandag nog in gebruik is

Waar die volgende inpas weet ek nie so mooi nie. In De Volksstem van 1 April 1879 adverteer die afslaer en rekenmeester R.T. Wearn dat sy kantoor voortaan op die hoek van Mark- en Pretoriusstrate oorkant die Poskantoor sal wees. Sou dit miskien toe al in die ou tronk gewees het?

Bronne Geraadpleeg


DUN-01 Dunston, Lola. **Young Pretoria 1889-1913.** Lola Dunston Pretoria. 1975.

Rex-03 Rex, H.M. **Geskiedenis van die Eerste Ou Goewermentsgebou en sy Voorlopers in Pretoria.** 1956. MA Verhandeling. Universiteit van Pretoria.

Pr-74 Emms, Mervyn. **The Post Office in Pretoria.** Pretoriana Nr. 74/75. Maart-Junie 1978


Addisionele inligting

Geskiedenis van die firma Evans & Churchill en ook van die oudste skildery van Pretoria, sien Pretoria Brief Januarie 2007

Latere geskiedenis en foto’s van die twee erwe, sien Pretoria Brief April 2007

-----------------------------------------------------------------

Prof. Fransjohan Pretorius en H. van der Merwe se DVD oor Generaal de La Rey is nou beskikbaar. Tydsduur: 45 minute. Koste: R120 + posgeld.

Kotakbesonderhede:

fpretori@postino.up.ac.za

Tel: 082 775 6911 of 012 420 2667

# ‘n Seder het geval

Dit is met groot leedwese dat ons verneem van die afsterwe van David Panagos. Een van die groot kenners van die geskiedenis van Pretoria en veral van die forte en verskansings in en om Pretoria.



Groete tot volgende maand
Rosa Swanepoel

-------------------------------------------------------